+27 28 514 8500
info@swellenmun.co.za
swellenmun
www.swellenmun.co.za
+27 28 514 2694
49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

**HERNUWING VAN HUUROOREENKOMS: TVM KONSTRUKSIE (Edms) Bpk SWELLENDAM**

Kennis geskied hiermee ingevolge die voorskrifte van die Swellendam Munisipaliteit se Grondbeskikkingsbeleid, 2018 en die bepalings van Bate-Oordrag Regulasies, 2008, Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003) soos gewysig, dat 'n aansoek ontvang is vir die hernuwing van 'n huurooreenkoms in Swellendam, aan:

| | |
|---|---|
| **Huurder:** | **TVM Konstruksie (Edms) Bpk** |
| **Huurperiode:** | **Nege *(9)* jaar & elf *(11)* maande** |
| **Huur & eskalasie:** | **Markverwante huur met 'n jaarlikse eskalsie van 7.5%** |

Die huurperseel tersprake, is 'n gedeelte munisipale meentgrond (± 1.77 ha), aangrensend tot Erf 7391, Swellendam, vir 'n Klipbrekery en die stoor van konstruksie materiaal.

Besware / kommentaar moet skriftelik wees en moet die ondergetekende bereik nie later nie as **Maandag, 9 Oktober 2020 om 12:00**. Besware / kommentaar kan per hand gelewer word by Swellendam Munisipale Kantore, Voortrekstraat 49, Swellendam of gepos word aan die Munisipale Bestuurder, Posbus 20, Swellendam, 6740.

Enige persoon wat nie kan skryf nie en vertoë met betrekking tot die bogemelde aangeleentheid wil rig, kan sy of haar vertoë mondelings aflê by die Munisipale Kantoor, Swellendam. Mev L. Baransky sal sodanige mondelingse vertoë op skrif stel namens die persoon wat mondelingse kommentaar lewer.

Laat besware / kommentaar sal nie oorweeg word nie. Verdere inligting kan bekom word by Mev L. Baransky by 028 514 8500 of e-pos liezel@swellenmun.co.za.

**A.M GROENEWALD**
**Munisipale Bestuurder**

**Posbus 20**
**Swellendam**
**6740**

*Kennisgewing H9/2020*